
<u>Die verwaande walvis</u>



Daar was 'n verwaande walvis
Wat gesê het: 'Ek wens ek was al vis,
Die enigste-een-in-die-see vis,
Die ses-minus-drie-minus-twee vis,
Die enigste, ware alleen vis.'

'n Sardientjie het hom so beluister
En sag vir sy maatjie gefluister:
'Hoor die see-toe-verdwaalde landdier,
Die ken-nie-sy-plek-nie astrant dier,
Hy is hoegenaamd, absoluut geen vis nie!
'Sou hy dan nie wis nie
Hy is nie
'n vis nie?
Die vet hoog-en-droog dier,
Die voortydse soogdier!'

Deur E P du Plessis uit*: Mallemeule* van Pieter W Grobbelaar

<u>Vragies</u>

1. Waarom dink jy dat die vis regtig 'verwaand' is?
2. Wat is die antwoord van die sommetjie in reel 4?
3. In reel 5 beskryf die walvis hoe hy wil wees. Hoe wil hy wees?
4. In die gedig is slegs twee diere wat praat. Watter twee is dit?
5. Hoe verskil hulle in hul **grootte**.
6. Gee 'n woord met dieselfde betekenis as 'wis'.
7. Watter soort dier is 'n walvis? Al leef hy in die see!
8. Hoekom sê jy so?
9. Waarom sê die sardientjie dat die Walvis 'astrant' is?
10. Rangskik die volgende soorte walvisse en dolfyne wat in ons Suid-Afrikaanse waters voorkom, ALFABETIES!

Potvis; Bottelneusdolfyn; Gewone dolfyn; Suidelike noorkapper; Blouwalvis; Streepdolfyn; Bultrugwalvis; Vaaldolfyn; Moordwalvis